HSH – ONS DOEN DIE GEWONE DINGE BUITENGEWOON!

WAARDE VIR KWARTAAL 3 : MAAK 'N VERSKIL!

Nuusbrief 10/2019
13 Junie 2019

Een van die negatiewe aspekte van die onderwys is dat jy gereeld moet afskeid neem van leerders, ouers en kollegas. Aan die einde van hierdie kwartaal neem ons afskeid van juffrou Nicoline Snyman, 'n kollega en onderwyseres wat die afgelope 10 jaar 'n geliefde lid van die HSH-familie geword het. Juffrou Nicoline was streng en reguit, maar sy het 'n bitter klein hartjie en die kinders van HSH het die meeste voordeel getrek uit haar klein hartjie. Sy was werklik lief vir hulle. Daarom gaan ons vir juffrou Nicoline mis. Haar bos grys hare, die groot glimlag en daardie kenmerkende stappie met die kort treetjies as sy op 'n missie is… Nicoline en Hendrik gaan aftree in my grootword-wêreld en dis baie naby aan die paradys! Ek wens Nicoline alle voorspoed, vreugde en gesondheid toe en dat sy en Hendrik ongelooflike tye in Kleinbaai sal beleef! Julle verdien dit!

Deel van die HSH-gene is Hopefield-"guts". Een van ons personeellede, juffrou Marina Serfontein, is die versinnebeelding van hierdie tipiese HSH-karaktertrek. Sy het die afgelope naweek die Comrades Marathon voltooi – die eerste HSH-personeellid wat dit kon doen, sover my kennis strek! Knap gedaan, Marina!

A group of 25 netball players and three coaches are on their way to Namibia. I must admit I am green with envy and a bit upset that I was not invited, but I will have to deal with it… We wish them a safe journey and heaps of fun! We also appreciate the efforts of the coaches to make this tour possible.

1. <u>Learner achievements</u>

We are very proud of our netball players who are going to participate in interdistrict and interprovincial tournaments during the holiday. We wish the following girls all the best:

Mienke Teubes
Jordan Jaars
Michelle Koen
Lowelle Cupido.

Stacey-Lee Ferris was included in the Western Cape netball team – a tremendous achievement!

We are also proud of our rugby players who were selected for their respective provincial teams:

Bronwin Williams	-	Boland Academy	u/13
JP Bekker	-	Boland Grant Khomo	u/16
Rob Hatem	-	Boland Academy	u/18
Nathan Engelbrecht	-	Boland Craven Week	u/18

Well done to them and our best wishes accompany them for their age group weeks.

Our cyclists excell and a group of HSH cyclists were selected to participate in Oudtshoorn during the June holidays as part of the West Coast Developing Cycling Team. Good luck to Tiaan Ebing, Morné Pretorius, Bejanke Bezuidenhout, Heinrich Ebing and Philip Mostert. Adriaan van Zyl is one of our young cyclists with a very bright future. Adriaan is part of a developmental team that is going to take part in a cycle tour in Assen in the Netherlands. Adriaan is also going to compete at the S.A. Championships during the June holidays. He is reaping the benefits of his talent and hard work. We also wish him all the best for this wonderful opportunity.

Ons is baie trots op Evangeline Mornet wat saam met haar medespelers in 'n klaviergroep aangewys is as die kategoriewenners tydens die Kaapstadse Eisteddfod. Pragtig, Evangeline!

Baie geluk aan Kian Fourie wat ingesluit is in die Wes-Kaap o/14 krieketoefengroep. Kian, dis 'n uitsonderlike prestasie – trots op jou! Rahul Hartzenberg is in die Boland o/15 Winteroefegroep opgeneem en Nathan Engelbrecht is deel van die Boland Krieketoefengroep. Trots op julle ook!

Leerders van HSH het onlangs as volg presteer tydens musiekeksamens en Eisteddfods.

TRINITY PRAKTIESE MUSIEKEKSAMENS – MEI 2019

Nelandi Boshoff	Graad 6 Musiekteorie	85%	Eervol / Merit
Charlé Moolman	Graad 6 Musiekteorie	78%	Eervol / Merit
Dané Meintjies	Inisiaal Klarinet	87%	Lof / Distrinction
Maritza Harmse	Rock & Pop Inisiaal Kitaal	84%	Eervol / Merit
Aidan Barends	Graad 5 Klavier	81%	Eervol / Merit
Quizandri Mouton	Graad 4 Klarinet	80%	Eervol / Merit
Zilke Vrolick	Graad 2 Tjello	Slaag / Pass	

STELLENBOSCH EISTEDDFOD – MEI 2019

Quizandri Mouton	Klarinetsolo's	GOUD

Die **Senior West Coast Youth Orchestra** het ook op Saterdag 25 Mei aan die Stellenbosch Eisteddfod deelgeneem, en het 'n **Silwer Plus** asook **2x Goud** behaal.

Orkeslede is:
Emma Guthrie (Viool), Owenithe de Bruyn (Altviool), Aiden Daniels (Tjello),
Billie Booyens (Tjello), Charlé Moolman (Fluit), Lushena Papier (Fluit), Quizandri Mouton (Klarinet), Annika Gericke (Klarinet), Jade Vrolick (Tromboon), Thinus Moolman (Perkussie).

Baie geluk aan die leerders!

2. **Top academic achievers**

Grade 4	**Grade 5**
1. Hendré Laubscher 2. Dané Meintjes 3. Carli Basson 4. Kurshtion Martin 5. Triston Schwulst	1. Jumaine Basson 2. Mienke Teubes 3. Maritza Harmse 4. Carla Conradie 5. Eleah Hyde

Grade 6 1. Janco Britz 2. Nikole Botha 3. Minke September 4. Emma Melck 5. Kaylie Basson	**Grade 7** 1. Chrizandi Basson 2. J.J. Teubes 3. Thinus Moolman 4. Dominic Bloem-Thom 5. Nicolai Hanekom
Grade 8 1. Arminelle Briel 2. Jano Reynolds 3. Jaya Abraham 4. Julia Swanepoel 5. Schalk Meintjes 6. Madelaine Hoffman 7. Nicola Dippenaar 8. Sumari Smit 9. Nicola Malherbe 10. Chloé van Niekerk	**Grade 9** 1. Kiara Kirsten 2. Chyle Mlondolozi 3. Evangeline Mornet 4. Isidor Erasmus 5. Emile van Antwerpen 6. Roelof van der Merwe 7. Annika Gericke 8. Abdullah Carolus 9. Evert Smit 10. Dueney Cleophas
Grade 10 1. Leoné Brand 2. Tiaan Visser 3. Charlé Moolman 4. Emily White 5. Alex Grobler 6. Luke Lewis 7. Ian van der Linde 8. Isaiah Mataka 9. Nadine van Dyk 10. Darren de Jager	**Grade 11** 1. Mieke van der Merwe 2. Pieter Slabber 3. Zioné Botha 4. Carleigh Thomas 5. Tiaan Ebing 6. Yolanda Chikowore 7. Kayla Clarke 8. Jean-Mari Loubser 9. Kristen van der Westhuizen 10. Brendon Coetzee
Grade 12 1. Kirsten van Dyk Jeroen van der Merwe 2. Caitlin Blaauw 3. Kayla Nell 4. Nelandi Boshoff 5. Tiaan van Antwerpen 6. Mia van der Linde 7. Michela Scholtz 8. Carlton-Lee Green 9. Monique Melck 10. Lené Stuart	

They reap the benefits of their hard work – well done! However, we are also proud of each and every one of our learners who did their best!

We also remind our parents about the HSH Pass. Learners who meet the requirements of this pass will get a green stamp on their report cards. This is an effort to create an environment of academic excellence at Hopefield High School – an additional pass criteria implemented in Grades 4-12. These pass requirements do not replace the minimum promotion requirements. It is an effort to motivate learners not just to aim for a pass, but to get them to work for better marks.

The minimum requirements for HSH Pass are as follow:

Grade 4-7
An average of 65% in all subjects and no subject below 50%

Grade 8-12
An average of 55% in all subjects and no subject below 40%.

3. SPH Kundalila Funduro / 4x4 Challenge

Baie dankie aan elke ouer, ondersteuner en HSH-personeellid wat alles gegee het om te verseker dat elke deelnemer ‘n ongelooflike ervaring gehad het tydens hierdie dag en Hopefield gasvryheid op sy allerbeste ervaar het. Ons kan nooit genoeg dankie sê aan Olivier en Melané Slabber wat elke jaar toelaat dat hulle plaaswerf ingeneem word deur vreemdelinge nie. Baie dankie ook aan Jurianne Schreuder en oom Johan Teubes wat hulle grond beskikbaar gestel het. SPH Kundalila verdien ‘n staande ovasie vir hulle ongelooflike ondersteuning aan HSH! Dit was ook baie lekker om HSH-ouers in groot getalle te sien wat hand opgesteek het om te help. ‘n Groot dankie aan die groot dryfveer agter hierdie dag, Ryan Steinmann. Die sukses van hierdie dag is te danke aan sy harde werk.

4. HSH 4

It is always great to come to a point where we can say that a dream came true. After a lot of deliberations, planning, meetings and a huge amount of red tape, our brand-new Mercedes Benz bus, also known as HSH 4, is on the road! Hanniball Smith of the A-team has a saying: “I love it when a plan comes together!” I know everyone in the HSH family is very glad that this plan came together!

5. Pindulo VDM Interskole 2020

HSH-leerders is oortuig dat die lekkerste week van die skooljaar Interskoleweek is. Vanjaar vind Interskole op Saterdag, 17 Augustus plaas en ons het vanjaar die tuisveldvoordeel. Kom ons gaan groot vanjaar en jag die titel van die grootste Interskole in die Boland wat toeskouergetalle betref! Kry vir oupa, ouma, oom, tannie, die buurmense, die hond, kat en die parkiet op een plek op 17 Augustus – HSH- Sportgronde!

6. Revue

Die opwinding is aan die opbou vir Revue 2019 en daar is ‘n ongelooflike “vibe” in die skoolgange oor wat ons volgende kwartaal op die planke gaan sien. Juffrou Franciska en haar span werk superhard om ‘n skougehalte produk te verseker.

Die Revue vind in die tweede week van volgende kwartaal, op Woensdag, 17 en Donderdag, 18 Julie plaas. Die gordyne trek om 19:00 oop in die HSH skoolsaal. Kaartjies kan by die skool by Cathrin Maree of Suria Basson gekoop word. Besoek gerus ons Faceboekblad vir meer inligting – Hopefield Hoërskool offisieël.

If you snooze, you loose. Do not miss out on this one!

7. School admissions 2020

The admission process for 2020 is completed and 468 applications were processed up to this date. Only 122 of the applications could be placed. I know that everyone will understand that this process is not always a pleasant one. To inform 346 parents that we could not place their children is an emotionally draining task. In this light I want to urge parents to inform the school immediately if you are planning not to take up your place in 2020.

8. Afwesigheid

U word versoek om leerder-afwesigheid onmiddellik op dieselfde dag met die skool te kommunikeer. Ouers word ook herinner dat die skool, soos ander WKOD-skole, 'n stelsel van deurlopende assessering volg en dat leerders die skool van 'n mediese sertifikaat moet voorsien indien hy/sy 'n formele toets/taak sou misloop.

9. Finansies

HSH is bevoorreg dat skoolfinansies op hierdie stadium in 'n gesonde toestand is, danksy goeie finansiële bestuur en ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ons wil dus 'n beroep op ouers doen om so voort te gaan en skoolgelde getrou te betaal**. Ons wil ook 'n dringende versoek rig aan ouers wat nie hul skoolgelde betaal nie – doen die regte ding en betaal u agterstallige skoolgelde.** Dit is immers in die beste belang van u kind, want sonder u gereelde en stiptelike betalings kan HSH nie 'n kwaliteit diens lewer nie. Hierdie versoek geld ook vir koshuis- en busgelde.

10. Resolusie 1 – 100% HSH

Tydens die Begrotingsvergadering is die volgende resolusie eenparig deur die ouers teenwoordig aanvaar: 'n minimum maandelikse betaling van R250 skoolgeld deur alle HSH-ouers word aanvaar. Gesien in die lig dat daar in die 2018 boekjaar R2 064 552 afgeskryf is a.g.v. kwytskeldings asook die kwaliteit onderrig wat alle leerders by HSH ontvang, word 'n beroep op ouers wat vrystelling ontvang, gedoen om hierdie minimum betaling van R250 per maand te doen. Hierdie resolusie is nie afdwingbaar nie, maar ons doen 'n beroep op ouers wat vrystelling ontvang om ook hulle 100% vir HSH te gee en sodoende 'n bydrae te lewer tot die skep van 'n uitnemende skool. Baie dankie aan elke ouer wat hulle deel bygedra het tot Resolusie 1, in 2018.

Skoolbestuur respekteer die kwytskeldingsproses, maar ons wil 'n ernstige beroep doen op ouers wat vir kwytskelding aansoek doen, om nie die proses te misbruik nie. Die beginsel is dat HSH slegs kan voortgaan om 'n uitstekende diens te lewer as elkeen die finansiële bydrae maak wat hy/sy behoort te maak. Die skoolbeheerliggaam gaan verseker stappe neem teen enige oneerlike praktyke t.o.v. aansoeke vir kwytskelding. Ons maak staat op almal se samewerking in die verband.

11. Parents' contact details

We urge parents to make sure that the school has your correct contact details. It is vitally important for the school to have parents' correct contact details, especially in case of emergencies. We also call on all our parents to download the D6 Communicator on their cell phones. We at HSH are firm believers that an informed parent is a happy parent. Help us to communicate with you effectively!

12. Projekte voltooi

Die volgende projek is die afgelope kwartaal suksesvol voltooi:

- Meisieskoshuis:
  Plaveisel voor motorhuise
  TV-kamer houtvloere afgeskuur
  Vertrek uitgeverf asook kaste en stoele
- Verf van klaskamers
- Pilare in vierkant is afgeskuur en oorgeverf

- Sommige klaskamers se ligte is vervang met LED-ligte
- Algemene instandhoudingswerk.

Die volgende projek gaan tydens die vakansie voltooi word:
- Plaveisel by die netbal/tennisbane
- HSH 1 se bakwerk word oorgedoen
- Graad 3-klas se vloer word vervang met vinielhoutbedekking
- Installering van lugversorgers in drie klasse
- Opgradering van skool se ingangshek.

14. Parent Evening

Parents are reminded of the very important Parent Evening on Wednesday, 10 July from 18:00. Contact the secretary to make appointments with teachers. Please make sure of the names of your child's subject teachers before you phone the school for an appointment.

15. Fundraising projects

Currently the income of fundraising efforts are as follow:
- CWL Baard Sportdag R 10 400
- Waterkaskenades R107 000
- Quadbike R 62 000
- Mnr. en Mej. HSH R 9 670

16. Behaviour report

Attached to every Gr. 4-12 learner's report card will be a behavior report with regards to negative points lost or positive points received according to our Code of Conduct. Please study it carefully and consult with the school if necessary.

17. Wat doen ons alles volgende kwartaal?

Oueraand	10 Julie
Revue	17-18 Julie
Gr. 9 Vakkeuse-aand	25 Julie
Winterbal	3 Augustus
Eskom Ekspo	13-14 Augustus
Skoolverjaarsdag	16 Augustus
Groot Brag	16 Augustus
Pindulo VBM Interskole	17 Augustus
Matriekafskeid	19 September
Colour Run	20 September

18. VRL-Omgeeprojekte

HSH is geseënd in baie opsigte en ons is veral geseënd met die feit dat ons betrokke ouers het en dat die besighede aan die Weskus ons uitstekend ondersteun. Somtyds is dit ook nodig om te gee en dit is presies wat HSH-leerders hierdie kwartaal gedoen het. Die leerderraad het hierdie kwartaal besluit om uit te reik na ons senior burgers. Met die hulp van ons leerders kon die meisieprefekte uitreik na die tannies in die ouetehuise met Moedersdag terwyl die seuns die ooms daar gaan bederf het in die gees van Vadersdag. Baie dankie aan ons ouers en leerders wat met hul bydraes hierdie omgeeprojekte moontlik gemaak het.

HSH se suksesverhaal word geskryf deur passievolle, begeesterde personeel, ongelooflike kinders en betrokke ouers. ‘n Lorrievrag dankies aan elkeen van julle wat hierdie kwartaal bygedra tot die “great” storie van HSH. My Landrover wag – ek is weg!

Geniet elke oomblik van die vakansie!

Wehan Fourie (Skoolhoof)

Hoe lyk ‘n Hopefielder?

- Ons doen die gewone dinge buitengewoon
- Ons staan op wanneer ‘n volwassene of matriek met ons praat
- Ons respekteer dames – altyd
- Ons groet almal en ons groet eerste
- Ons behandel almal met respek
- Ons is ongelooflik trots op ons skool
- Ons is betrokke by alle aktiwiteite van die skool.